durbanville-bergsig
gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

8 September 2019

**8 September 2019**
**Preekreeks: Triniteit - GEES**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Mizelle Prinsloo*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Mizelle Prinsloo*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
**Oupa– en Oumadag**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 Diens**
*Ds. Johan Els*

**Deuroffer: Bediening Melaatses**

Fondse word aan die bedieninge gestuur om te gebruik vir die belangrike saak.

**15 September 2019**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Johan Els*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Johan Els*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 MATRIEKDiens**
*Arno Mattheus*

**Deuroffer: Magdalenahuis**

## NUUS:

8 Sept: Oupa– en Oumadag
Kuierkerk
10 Sept: Nuwe lidmate funksie
15 Sept: Matriekdiens
17 Sept: Damesaand
20 Sept: Skole sluit

## Die Heilige Gees … vandag se tema




## Ons Sendelinge verhuis

Andre en Marina Olivier (Frontida Outreach) het vir vyf en 'n half jaar gedien in die distrik van Kanthararom wat in die Sisaket provinsie, Noord-Oos van Thailand geleë is.

Hier het hulle onder andere by "Ban Makrud" skool vir drie jaar lank evangelisasie werk gedoen en die gemeenskap van Ban Makrud bedien waarin hulle die kinders en onderwysers van die skool gehelp het met basiese Engelse kommunikasie en gramatika deur Bybel stories.

Hulle het ook verskeie ander bedieningspunte gehad soos weeklikse Bybelstudie in die dorpie se mark, tuisbesoeke in verskeie gemeenskappe en ook die plaaslike kerk gehelp om met meer selfvertroue te evangeliseer.

Die Here neem hulle nou na 'n ander provinsie, Pratchuap Khiri Khan wat in die suide van Thailand geleë is om in die distrik, Hua Hin dieper bedieningsvelde te filtreer.

Hierdie verskuiwing bring nuwe uitdagings met meer verantwoordelikhede. Hulle gaan betrokke raak by 'n plaaslike Christen kinderhuis, evangelisasie onder die Suid-Thai en Birmese gemeenskappe, Bybelstudie onderrig en ook help bedien in verskeie koninkrykswerke by die Internasionale Baptiste Kerk.

Hua Hin is net 200km van Bangkok af (Kanthararom is 570 km van Bangkok af, wat die maandelikse tronkbediening onder die Suid Afrikaners in gevangenis makliker maak. Hulle is alreeds vier jaar betrokke met die tronkbediening.

Hierdie verhuising sal plaasvind tussen 16-19 September 2019.

Hulle werk in Kanthararom gaan ook voort, deurdat hulle op 'n kwartaallikse basis Kanthararom sal besoek en hulle sal ook die leiers wat deur hulle bemagtig en geëvangeliseer is deurentyd mentor.

Die nuwe projekleier en kontakpersoon is –

Elbeth Henning 0832736687

### Gebreide poppies

590 poppies wat ons help brei het, gaan saam om te help met die kinderbediening in Thailand.





# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

### ATTIE VAN WYK September vakansieprogram

Moedergemeente en Bergsig-gemeente werk saam aan die September-vakansieprogram by Attie van Wyk.

Daar is egter borge nodig:

**Borge geld van R30/kind**
**Leier borge R250/leier**

Inbetalings kan gemerk word met die verwysing: Attie vakansieprogram

### MES Belville en ons Grow bediening in Durbanville het dringend behoefte aan:

- Professionele persone soos arbeidsterapeute, maatskaplike werkers of pastorale beraders wat ons kan help met ons kliente. Die span is dun gesny op die oomblik en ons benodig dringend enige kundigheid.
- Ons benodig dringend twee enkelbeddens om te leen vir twee persone wat na ons uitreik vanaf Britse Eilande en bietjie gaan kom help met ons straatmense.
- Ons benodig vrywilligers wat kan help met die sorteer van klere en ook die uitdeel daarvan.
- Ons benodig dringend by Bergsig 'n sopkoordineerder vir die sopkombuis.

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## Bergsig-Uitreikhulp

Bergsig loop saam met Badisa, Powerhouse, 'n laerskool in die omgewing en betrokke Bergsig lidmate 'n pad met 'n enkel mamma. Sy het 'n 12 jarige seun en 'n ses jarige dogter met spesiale behoeftes.

Die mamma is op soek na admininstrasie werk.

Ons wil baie graag die seun in nasorg plaas. Die nasorg bussie sal hom optel by die skool, hy sal middagete daar kry en ook gehelp word met sy huiswerk. Terwyl die mamma werk soek moet die seun baie keer na skool lank wag voor sy ma hom kan optel. Die nasorg koste beloop R2100.00 per maand en ons wil 'n beroep doen op iemand, 'n kleingroep, 'n gesin of 'n groep vriende om 'n langtermyn finansiële verbintenis te maak om die seun te help.

Ons is ook op soek na nommer 6 pampers doeke vir die dogtertjie. Verder het die gesin ingetrek in 'n ongemeubileerde woonstel en het huisraad soos potte, panne, eetgerei ens. nodig. As iemand dalk 'n losstaande kas of rakke of laaikas het, sal dit ook waardeer word.

Baie dankie dat ons hulp mag vra in hierdie verband. Items kan vir Liezl gemerk word. Gebruik **NASORG L** as verwysing vir finansiële bydraes.




Liewe Bergsig

Ons voel oorweldig deur al die bydraes (finansieel en bederfpakkiegoedere) wat ons ontvang het vir die beplande uitreik na die vroue van Loeriesfontein.

Die projek sluit tydens die vroueaand van 17 September waar elke dame by die vroueaand vir 'n dame van Loeriesfontein 'n bemoe-digende briefie gaan skryf, wat ook in die sakke geplaas gaan word.

Die geld wat oorbly gaan aan die Boerevereniging oorbetaal word. Hul kry wonderlike skenkings van voer vir die diere, maar dit moet afgehaal word (bv. vanaf Potchefstroom) en die vervoerkoste is baie hoog.

### Seniorsorg:

Enige naaldwerk verstellings of herstelwerkies kontak Christine van Wyk by 0824391206.

## GASVRY BY EREDIENSTE

Bergsig het lidmate nodig wat by die eredienste kan help om mede-lidmate gasvry te ontvang.

Ons span kort hande en ons wil dié wat dit gereeld doen so ondersteun.

Persone wat help by die eredienste doen diens by die deure waar hul die Bergsig Boodskap nuusbrief uitdeel en ook ander items bv. leesstukke of veldtogmateriaal soos boekies / pamflette.

Die spanne help ook om offergawes op te neem in die diens en deuroffers by die deure na afloop van die dienste.

Daar is vier nagmaalgeleenthede in 'n jaar en dit is soms nodig om te help nagmaal uitdeel aan gemeentelede.

Gee asb. jou besonderhede in by die kerkkantoor by Elize Botma as jy bereid is om hiermee te help. Haar e-posadres is: administrasie@bergsigdv.co.za

Daar word vooraf gereël met jou as dit jou beurt is om die Sondag diens te doen.

Al wat jy moet doen, is om op te daag en te help.

Ons maak staat op jou om ons met die belangrike diens te help om GASVRY op 'n Sondag te wees.

Ons het veral by die Informele diens hande nodig. Baie dankie vir die vrywilligers wat hand opgesteek het, maar ons kort egter nog 'n paar!

# ONS DAAGLIKSE BROOD

*"Om te gee, maak mens gelukkiger as om te ontvang"*




# KLEINGROEPE

**Word deel van 'n Kleingroep in 2019.**

Individue, egpare, gesinne, vriendegroepe ensovoorts, kan hier registreer om deel te word van 'n kleingroep by Durbanville-Bergsig NG Kerk. Die indeling sal so gou moontlik plaasvind.

Kliek op hierdie skakel of scan die QR code: http://bit.do/registreer

Registreer

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na: 071 529 9491**

"Huweliksvoorbereidingklasse, vir alle voornemende paartjies wat gaan trou, by Uitsig Gemeente, Mountainviewrylaan 17, Ridgedworth, Bellville.

Maandag 16 tot Woensdag 18 September elke aand om 19:00 in die konsistorie.

Kontak Francois by 082 781 6854 vir navrae of plek bevestiging.

Die klasse is gratis."

## DURBANVILLE/BERGSIG SENIORS

Uitstappie na TOEKA - Agter Paarl vir lede

Datum: 26 September 2019

Bus sal om 10:30 vanaf Bergsig vertrek.

## NUUT HIER?

Onseker hoe om in te skakel? Vul 'n kaartjie in by die Nuwe Lidmaat toonbank of gebruik die skakel: **http://bit.ly/nuwelidmate** of skandeer die QR kode of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word. Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

## MANS TGIF 05:45

Vrydagoggende

Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za

## EREDIENSTYE IN BERGSIG:

8:15-9:15 Klassieke Diens 1 uur lank

10:00 - 11:15 Informele Diens 1 uur en 15 minute

18:00—19:00 @6 Aanddiens 1 uur

# kuierkerk@bergsig



**Kom kuier saam by die kerk vandag 11:30.**
**As jy hiervan vergeet het, gaan haal gou jou:**

**eie braaivleis, drinkgoed en eetgerei of jou gunsteling wegneemete.**
**Vure word voorsien.**

**Almal welkom: kleingroepe, individue, oud en jonk, persone wat wil deel word van 'n kleingroep en selfs jou skoonma …**

**Vir meer inligting kontak Murray by**
**bergsig.kleingroepe@gmail.com**



glow KIDZ

# Ouma- en Oupadag
## 8 September 10:00 (saal)

… want Oupa's en Ouma's
is net antieke
seuntjies en dogtertjies

## A-Koord gee 'n lente glimlag



# MATRIEKS!

**Het jy planne vir die einde van die jaar?**
**Hoe klink 'n wegbreekweek met jou tone in die sand?**

Son en see, kuier, ontspan, vriende maak en sommer net "chill" naby die natuur en naby God...

re#imagine Matriekfees!
NOORDHOEK
27 Nov - 4 Des 2019

R1800
(Skryf in voor 30 September vir R1600 en voor 31 Oktober vir R1700).




scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 O18 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527